

Afrikaans as besitting, en die vraagstuk van herstandaardisering

Afrikaans as property, and the question of restandardisation

ERNST KOTZÉ


Navorsingsgenoot

Skool vir Tale

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

ernst@somerstrand.co.za



Ernst Kotzé

ERNST KOTZÉ is emeritus professor aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth, en navorsingsgenoot en dosent in forensiese linguïstiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Hy studeer aan die Universiteite van Kaapstad (BA & BA (Hons)) en die Witwatersrand (MA & PhD). Sy navorsingsgebiede sluit in algemene taalwetenskap en sosiolinguïstiek, Afrikaanse taalkunde, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguïstiek. Hy was voorheen voorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

ERNST KOTZÉ is emeritus professor at the Nelson Mandela Metropolitan University, Port Elizabeth, and research associate, as well as lecturer in forensic linguistics, at the North West University, Potchefstroom. He studied at the Universities of Cape Town (BA & BA (Hons)) and the Witwatersrand (MA & PhD). Areas of research include general and Afrikaans linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation studies and forensic linguistics. He is a previous chairperson of the Language Commission of the SA Academy for Science and Arts.

ABSTRACT

Afrikaans as property, and the question of restandardisation

In this article, some key aspects of the public discussion regarding the notion of possessing a language, in casu Afrikaans, are highlighted from a sociolinguistic perspective. The multifarious nature of this language community, consisting of speakers of diverse regional varieties, is related to the notion of a central standard language, and the representation of lexis (and grammatical forms) from these varieties in the standard serves as a challenge to be investigated. If the language as a whole is to be regarded as the property of the entire language community, this is a valid moot point. The article culminates in a comparison of various strategies of increasingly incorporating the varieties of Afrikaans both lexically and grammatically into a generally accessible common standard (which would have to be subject to the requirements of usage in various domains).

The point of departure which is addressed, is the perception that (a) the standard form of Afrikaans is a user-based variety, and (b) by implication that it will only be deemed to be communal property if it has been linguistically restandardised by prescriptive means in order to expand ownership to all speakers. At the basis of this perception there are, however, certain fallacies

regarding the nature of language, the process of standardisation and the ways in which variant forms obtain recognition over a wide(r) spectrum in the community. The article is firstly aimed at investigating the concept of possessing language (or a language), individually or collectively, from various perspectives, and secondly, at describing the position, function and materialisation of the standard form as a variety used for particular functions by speakers of different varieties, and thus representing communal property. The central question for which an answer is sought, is how possessing the language (collectively or individually, in all its varieties) can be linked to, and is compatible with, the concept of “standard language”.

An aspect of the nature of language which is important for this discussion is the distinction between instrumental (or functional) and symbolic (identificatory) values. These values often operate in a supplementary fashion, for example when the use of one language for purposes of wider communication reinforces the status of the language. On the other hand, the insistence by speakers on maintaining the symbolic value of a particular language could impede its usefulness as a lingua franca. These values may also operate separately, for instance, the development of a standard register (such as terminologies for scientific purposes) would enhance the instrumentality of a language, while creative contributions, distinguished by the form in which they are presented, such as in the field of literature, play an important role in strengthening its symbolic basis.

While the link between language and culture overlaps with its value to the speakers, a further dimension is to be found in the consideration of language and culture as intellectual property. Examples of individual manifestations of language, ranging from individual words as trademarks to integrated units such as literary creations or scientific articles could be cited in this regard, but for languages as a whole there is no judicial tradition of reification.

The link between a language and its speakers in terms of possession could be viewed from either a liberal or a mother-tongue based perspective (Hutton 2010), where a distinction is made between a right to possess and the relation with the object being possessed. While the liberal view does not distinguish between language and a (specific) language, and hence a particular speech community is not defined, the mother-tongue based tradition regards language as the collective property of a group of speakers who are defined in terms of history, culture and linguistic features. As alternative approaches, each of these views represents an ideal type on a complex continuum in which the abovementioned factors all contribute to how possession of a particular language could be interpreted.

In terms of (especially) the symbolic value of a language, the mother-tongue based approach is followed when a language community has reason to suspect being threatened. To its speakers, the idea of language rights represents one form of recognition of language as property, and this model makes it possible for the speakers, in a multilingual country such as South Africa, to form agencies who act on behalf of the users of a particular language. The recognition of official languages in the South African Constitution, although an ostensible safeguard against discrimination, is stymied by the evident inability of the State and the judiciary to concretise (or reify) language, and hence deal with it as in the case of other items of value. Hence the reaction as referred to above.

The community of mother-tongue speakers, are, in this view, defined, not only by using a common language, but also by the intricate set of norms which determines the choices to be made in each context of use, in order to communicate according to the demands of comprehensibility and appropriateness. In this sense, one could state that speakers of Afrikaans find themselves under the “jurisdiction” of the language, and that they receive, not ownership, but a measure of stewardship, to enhance the value of the language by increasing its instrumental value for the benefit of its users.

In the light of the geolectal diversity of Afrikaans, which is often exacerbated by racially based differences, the existence of the standard form could be linked historically to the inequalities

of the past. Hence the question: Whose property is Standard Afrikaans? From a sociolinguistic viewpoint (and also within the liberal tradition of ownership of language), the standard represents a domain-specific register of use, and is the “property” of whosoever has occasion to utilise this register (especially) in formal contexts. In practice, standardisation occurs from day to day at the level of language use, and in particular as the outcome of the work of language practitioners, who apply the norms of usage as determined by the particular domain. Although it is often assumed that the Language Commission of the South African Academy serves as a standardising body, it is largely restricted to the formulation of rules of orthography, and its published word list (Afrikaanse Woordelys en Spelreëls) contains a small percentage, seen against the total available lexis, of lexical items for purposes of exemplification, acceptance of neologisms and guidance.

The possibility of the restandardisation of Afrikaans has been suggested as a way to address differences in accessibility to the standard register, in the sense that vernacular speakers of various geolects should be enabled to recognise much more of their own lexis (and possibly grammar) in what is regarded as Standard Afrikaans. In this way, the symbolic value (and status) of the vernaculars would be enhanced. As in the case of standardisation, which is an ongoing process and at the same time the cumulative effect of norm application in formal contexts, a bottom-up approach (instead of a top-down) approach, by means of exposure, cultural promotion and publication, which is already noticeable, is the most effective process to expand the lexicon in the relevant domains. Restandardisation based on the selection of a new matrix dialect would lead (according to Hendricks 2014) to an implosion of the language as a whole and accelerate destandardisation. On the grammatical level, reference could be made to a forthcoming project in which a standard grammar of Afrikaans (which could include variation on various levels of description) will be compiled for internet access. While the symbolic value of users’ varieties (especially regional) plays a key role in the acceptance of the standard variety as collective property, an important aspect of standardisation is the enrichment of the standard variety, also by way of lexical expansion from the regional varieties, in consonance with international models.

KEYWORDS: language as property, language and culture, language and the law, Standard Afrikaans, user’s variety, usage variety, language norms, language standardisers, Language Commission, democratisation, restandardisation, destandardisation, language planning

TREFWOORDE: taal as eiendom, taal en kultuur, taal en die reg, standaardafrikaans, gebruikersvariëteit, gebruiksvariëteit, taalnorme, taalnormeëders, Taalkommissie, demokratisering, herstandaardisering, destandaardisering, taalbeplanning

OPSOMMING

Die siening van taal as besit van die Afrikaanse taalgemeenskap, individueel en kollektief, word in hierdie artikel ondersoek en in verband gebring met die verskeidenheid van variëteite wat in die taalgemeenskap bestaan. Die vertrekpunt is die verskillende benaderings van die sosiolinguistiek, die intellektueelgoederereg en taalbeplanning tot taal as entiteit. In die laaste instansie word daar gefokus op die aard en funksie van standaardtaal as (dikwels omstrede) variëteit en die vraag of die herstandaardisering van Afrikaans as regstelling van historiese gebreke in die standaardiseringsgeskiedenis oorweeg kan word. Dit blyk uit ’n ontleding van alle verbandhoudende faktore dat herstandaardisering ’n relatiewe begrip is en nie gelykgestel kan word aan demokratisering nie (vergelyk Kotzé 2011b), en daar veel effektiewer alternatiewe wyses bestaan om sprekersvariëteite van Afrikaans tot hulle reg te laat kom.

1. INLEIDEND

In hierdie artikel, wat, soos in die titel aangedui, in twee verbandhoudende dele uiteenval, wil ek graag vanuit die perspektief van die sosiolinguistiek die soeklig laat val op enkele kernaspekte van die gesprek oor die sogenaamde “eienaarskap” van Afrikaans, en vervolgens op die rol van Standaardafrikaans as taalvorm binne die veelvoudigheid van die Afrikaanse taalgemeenskap.

As vertrekpunt en probleemstelling geld die persepsie dat (a) die sogenaamde standaardvorm van Afrikaans ’n variëteit is wat aan ’n sekere groep sprekers *behoort*, en (b) by implikasie dat dit slegs as gemeenskaplike besit geag sal kan word indien dit taalkundig (fonologies, leksikaal en grammatikaal) aangepas, dus *geherstandaardiseer*, word om eienaarskap na alle sprekers uit te brei. Grondliggend aan hierdie persepsie is daar egter, soos ek hoop om aan te dui, sekere denkfoute oor die aard van taal, die proses van standaardisering en die wyse waarop variante vorme deur erkenning tot hulle reg kan kom.

Die doel van die artikel is dan eerstens om die eienaarskap van ’n taal as (a) kollektiewe en/of (b) individuele besit vanuit ’n verskeidenheid van oogpunte onder die loep te neem. Tweedens word die posisie, funksie en totstandkoming van die standaardvorm as ’n variëteit wat vir bepaalde funksies deur sprekers van verskillende variëteite benut word en dus gemeenskaplike besit is, beskryf. Die kernvraag waarop daar ’n antwoord gesoek word, is hoe die besit van die taal (kollektief of individueel) in al sy variëteite saamhang, en versoenbaar is, met die begrip ‘standaardtaal’.

Sommige vrae wat in die loop van die bespreking oor taal en eienaarskap aan bod sal kom, is die volgende: (1) Kan ’n taal besit word? (2) Watter soort waarde(s) het taal vir die sprekers daarvan? (3) Watter rol speel taal as deel van die kultuur van ’n taalgemeenskap? (4) Is taal en kultuur ook intellektuele eiendom? (5) Watter aanspraak het sprekers van ’n taal daarop as kollektiewe eiendom van die taalgemeenskap? (6) Hoe word taal (en spesifiek Afrikaans) as eiendom van sy sprekers deur die reg in Suid-Afrika gehanteer? (7) Hoe kan die besitsverhouding tussen taal en sy sprekers verstaan word?

Wanneer die fokus verskuif na die verskeidenheid van variëteite in Afrikaans en die rol van Standaardafrikaans in die taalgemeenskap, word daar gepoog om antwoorde te gee op vrae soos die volgende: (1) Waarom bestaan daar sensitiwiteit oor die begrip ‘Standaardafrikaans’? (2) Kan ’n mens ’n onderskeid tref tussen verskillende soorte taalvariëteite? (3) Hoe, en deur wie, word norme vir Afrikaans neergelê? (4) Kan regstelling van historiese gebreke aangebring word deur die herstandaardisering van Afrikaans? (5) Hoe kan die verskeidenheid van Afrikaans ten beste deur erkenning tot sy reg kom?

2. TAAL AS BESITTING

Indien ’n mens van die veronderstelling uitgaan dat taal besit kan word, sou so ’n aanname op ten minste drie oorwegings berus: (1) die aard van taal, (2) taal as komponent van kultuur, en (3) taal en kultuur as intellektuele eiendom. Om dan iets sinvol te kan sê oor Afrikaans en eienaarskap van taal, moet ons kortliks na elk van hierdie oorwegings kyk.

2.1 Die aard van taal

Die meeste studies oor die kenmerke of funksies van taal word voorafgegaan deur ’n definisie van wat die skrywer as “taal” beskou vir die doeleindes van haar/sy ondersoek. So is daar oor die jare letterlik honderde definisies neergepen wat elk ’n aspek van taal uitlig wat vir die ondersoeker relevant is. Vir die tema van hierdie bespreking is die *waarde* van taal as middel tot ’n doel van

belang. Sonder om nog 'n definisie by te voeg, kan twee belangrike (en welbekende) waardes van taal vir die doel van die gesprek geïdentifiseer word, naamlik (a) instrumentele waarde en (b) simboliese waarde.

'n Taal het **instrumentele** waarde as dit gebruik kan word om allerlei funksies doeltreffend uit te voer – funksies soos die regspleging, die verskaffing van onderrig, wetenskapsbeoefening, die fasilitering van begrip tussen sprekers van verskillende tale (byvoorbeeld as taalkomponent in vertalende woordeboeke), inligtingontsluiting, ensomeer. Oor die sosio-ekonomiese waarde van taal het die Franse sosioloog Pierre Bourdieu 'n aantal belangrike dinge kwytgeraak, wat 'n verdere komponent tot die begrip 'waarde' toevoeg, onder andere dat die taalkeuse van 'n spreker dikwels bepaal word deur die relatiewe sosiale posisies van die deelnemers aan die gesprek, en dat laasgenoemde posisies ook die voorrang bepaal van 'n spreker om gehoor te word, vrae te vra, te onderbreek, ensovoorts (Bourdieu 1991).

Aan die ander kant het taal **simboliese** waarde as dit die taalgemeenskap in al sy verskeidenheid versinnebeeld, met ander woorde as dit as merker van 'n taalgemeenskap in 'n meertalige konteks dien. Simboliese waarde word gekenmerk deur onder andere assosiasie met, lojaliteit teenoor en betrokkenheid by so 'n merker van die kant van die sprekers van die taal.

Hierdie twee waardes funksioneer dikwels aanvullend tot mekaar: Die ontwikkeling van byvoorbeeld die tegniese woordeskat van 'n taal soos Afrikaans, wat sy instrumentele waarde verhoog, is terselfdertyd 'n faktor wat die status van die taal, dit wil sê sy simboliese waarde, binne die meertalige konteks van Suid-Afrika verhoog. Die omgekeerde effek is egter nie altyd waarneembaar nie. In 'n land soos Ierland (en ook ander Keltiese taalgemeenskappe in die Britse Eilande) word daar veel gedoen om die simboliese waarde van die “inheemse” taal, dus (Ierse) Gaelies, te bevorder, terwyl dit weinig effek het op die instrumentele waarde daarvan – minder as 3% praat dit as moedertaal, en ongeveer 10% gebruik dit gereeld (Omniglot s.j.). Ook in 'n land soos Kanada – waar Frans as tweede taal figureer, ten spyte van die feit dat dit volgens die Grondwet landswyd gelyke status met Engels het en op alle vlakke simbolies bevorder word – word die gebruik daarvan grootliks bepaal deur instrumentele oorwegings en word dit slegs in die provinsie Quebec as meerderheidstaal gebruik (French and the francophonie in Canada s.j.). Op die relatiewe belangrikheid van hierdie twee waardes, veral met die oog op Afrikaans, kom ek later terug. Wat van belang is, is dat gebruikers van 'n taal voordeel trek uit watter waarde ook al uit die gebruik van die taal voortspruit.

2.2 Taal as komponent van kultuur

Die tweede oorweging wat in ag geneem kan word, is die rol wat taal speel as komponent van 'n bepaalde kultuur. Binne die konteks van die huidige onderwerp is dit nie net taal as verskynsel of as *draer* van kulturele inhoud nie, maar ook 'n spesifieke taal of *taalvorm* waarmee die sprekers daarvan geassosieer word, wat 'n bepaalde simboliese waarde verteenwoordig. Die feit dat ons Afrikaans praat, en nie Suid-Afrikaanse Nederlands (byvoorbeeld in vergelyking met Surinaamse Nederlands) nie, simboliseer dus ook in 'n mate 'n taalspesifieke kultuur waardeur daar 'n verband gelê word tussen die sprekers en 'n Afrika-gebaseerde taalvorm. Oor die vraag of die sprekers van die taal hierdie kultuur “besit”, binnekort iets meer.

2.3 Taal en kultuur as intellektuele eiendom?

Die laaste oorweging wat hier van belang is, is dan die vraag of taal en kultuur as eiendom, en meer spesifiek as intellektuele eiendom, beskou kan word. Met so 'n vraag beland 'n mens dadelik

op die terrein van die regswese, waar hierdie kwessie reeds deeglik gedebatteer is. Oor die afgelope aantal jare het dit toenemend praktyk geword om sosiale (en sosiolinguistiese) probleme soos dié te “juridiseer”, soos Ford (2005:12) dit stel. Een voorbeeld daarvan is die uitspraak deur ’n Maleise hof dat Moesliems in daardie land die eienaarskap of monopolie, dus die reg, het op die gebruik van die woord *Allah* om na God te verwys in godsdienstige Arabiese tekste (Chong 2009). Dit illustreer ’n baie belangrike spanningspunt met betrekking tot eienaarskap in die reg, naamlik tussen enersyds dié van ’n *direkte verhouding* tot dit wat besit word en andersyds dié van ’n *reg* ten opsigte van dit wat besit word, dit wil sê tussen ’n *entiteit* wat besit word en ’n *reg* wat besit word.

3. KOLLEKTIEWE EIENAARSKAP VAN TAAL: TWEE SIENINGS

In ’n referaat wat Chris Hutton ’n paar jaar gelede by die Universiteit van Kaapstad gelewer het tydens ’n konferensie met die tema “The Native Speaker and the Mother Tongue” (Hutton 2010), neem hy die kwessie van die kollektiewe eienaarskap van taal in oënskou, en onderskei hy tussen twee sienings van taal in hierdie verband: Die eerste is ’n “liberale” siening, waarvolgens taal beskou word as ’n ongestruktureerde ruimte met ope toegang wat deur almal besit word in die sin dat dit nie-eiendom is. Die tweede is die sogenaamde moedertaalspreker-model, wat taal beskou as die eiendom van die *ethnos*, die sprekergemeenskap, en waarvolgens dit ’n hoogs gestruktureerde, relatief geslote ruimte is waartoe moedertaalsprekers gepriviligeerde toegang het. Let op dat taal volgens albei sienings beskou word as iets wat besit kan word, maar dat dit in die laaste geval eerder gaan om ’n *reg* op dit wat besit word, en nie primêr om die *verhouding* tot dit wat besit word nie.

3.1 Taal – iets van waarde?

Dit is dan ook hier dat die vraag oor taal as intellektuele eiendom ter sprake kom. Om iets van waarde te besit (soos die pêrel van groot waarde, in die Bybelse gelykenis, of Benedictus Kok se verwysing na Afrikaans as “ons pêrel van groot waarde”) (Kok 1974) word in materiële sin gewoonlik geassosieer met oorwegend persoonlike en eksklusiewe toegang en benutting. (’n Moontlike uitsondering sou wees ’n geval waar ’n aantal vroue wat binne die konteks van ’n poligame huwelik saam dieselfde man “besit”.) Die liberale idee van ’n vrye linguistiese ruimte moet dan ook gesien word teen die agtergrond van die behoefte aan individuele private eienaarskap, waar toepaslik. Hutton (2010:640) haal regter Patterson aan, wat dit reeds in 1795 soos volg uitdruk:

[T]he right of acquiring and possessing property, and having it protected, is one of the natural, inherent and inalienable rights of man. [...] Property is necessary to their subsistence, and correspondent to their natural wants and desires: its security was one of the objects that induced them to unity in society. No man would become a member of a community in which he would not enjoy the fruits of his honest labour and industry.

Maar is *taal* so ’n besitting? Kan ’n mens op die woorde van ’n taal, of op die taal as geheel, aanspraak maak? In die konteks van die vrye mark is ons natuurlik bewus van geregistreerde handelsmerke wat volgens die reg aan bepaalde individue of maatskappye toegeken word. Hiervolgens kry die betrokkenes die reg op die eksklusiewe gebruik van bepaalde woorde wat volgens die wet in hulle naam geregistreer is. Hierdie behoefte aan die besit van taal kom ook tot uiting in die fondsinsamelingsveldtog van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, wat Afrikaanse woorde aan die publiek “verkoop” teen R100 per geborgde woord. Eksklusiewe “eienaarskap” van ’n woord is te koop teen R5000, kompleet met sertifikaat. Op hierdie wyse word die simboliese

waarde van die taal vir individuele gebruikers ingespan om die instrumentele waarde daarvan deur die optekening van die woordeskat deur middel van die WAT te versterk.

3.2 Handelsmerke as taal

Die gebruik van die woorde van 'n taal (soortnaamwoorde, plekname, ens.) as eksklusiewe handelsmerke kry al van vroeg af die wind van voor. Reeds in 1898 laat lord Herschell hom in hierdie verband in 'n uitspraak soos volg uit oor die gebruik van Engels (Hutton 2010:640):

The vocabulary of the English language is common property: it belongs alike to all; and no one ought to be permitted to prevent the other members of the community from using for purposes of description a word which has reference to the character or quality of goods.

'n Voorbeeld nader tuis is dalk nog vars in die geheue: Die beslaglegging op die woord "rooibos" as eksklusiewe handelsnaam vir produkte in agtereenvolgens die VSA en Frankryk is in die onlangse verlede deur hofuitsprake in die onderskeie lande gestuit, en ons kan nou rustig voortgaan om hierdie generiese benaming in Afrikaans te gebruik vir die bekende kalmerende drankie.

3.3 Kollektiewe eiendom

Dit lyk dus asof daar 'n gemeenregtelike aanvaarding is dat die algemene woordeskat van 'n taal as nie-eiendom van individue of regspersone die gemeenskaplike en kollektiewe eiendom is van wie ook al die taal praat, en dus nie 'n gedefinieerde groep sprekers nie – 'n bevestiging van die aanname van die liberale siening van taal as besit. Kenmerkend van die liberale siening van taal is egter dat daar nie juis tussen "taal" en "'n taal" onderskei word nie, en dat besit eerder gedefinieer word as toegang tot watter taal ook al gebruik word.

In teenstelling hiermee is die uitgangspunt van die moedertaalspreker-tradisie dat 'n taal die kollektiewe eiendom is van hierdie sprekers, 'n gedefinieerde groep wat histories, taalkundig en geografies onderskeibaar is. Hiervolgens is die taal en kultuur van die sprekers deel van hulle kollektiewe eiendom – 'n siening wat 'n reaksie op sowel historiese kolonialisering as moderne globalisering verteenwoordig.

Om op te som: Volgens die liberale siening sou dit in beginsel verkeerd wees om 'n taal as geheel te omsluit, of 'n monopolie daarvoor toe te ken, en privatisering kan hoogstens geregverdig word vir die doeleindes van outeursreg en handelsmerkrete, met ander woorde om ekonomiese regte te beskerm. Vir die moedertaalspreker-model, aan die ander kant, verteenwoordig die idee van taalregte een vorm van erkenning van taal as eiendom, en die model maak dit vir die sprekers van 'n bepaalde taal in 'n veeltalige konteks soos dié van Suid-Afrika moontlik om 'n agentskap te vorm wat as verteenwoordigers van 'n spesifieke taal optree in belang van die gebruikers van daardie taal.

3.4 Watter siening is geldig?

As 'n mens die posisie van Afrikaans in veeltalige Suid-Afrika op die keper beskou, verteenwoordig hierdie twee sienings, as alternatiewe benaderings tot taal, ooreenvoegings. Elkeen is op sigself 'n ideale tipe weerskante van 'n komplekse kontinuum waarop al die faktore wat tot dusver genoem is (byvoorbeeld die onderskeid tussen taal en 'n taal, die instrumentele teenoor die simboliese waarde van taal, en taal as intellektuele eiendom), 'n invloed uitoefen op hoe die besitbaarheid van Afrikaans beoordeel kan word. Albei benaderings beklemtoon die kollektiewe

besit van taal, enersyds omdat individue of maatskappye nie eienaarskap kan opeis nie (volgens die liberale siening) en dit dus aan almal behoort, en andersyds omdat 'n spesifieke taal die draer van die kultuur van alle moedertaalsprekers is en die medium van toegang tot kennis verteenwoordig.

4. INTELLEKTUELE EIENDOM

Wat die vraag oor taal as intellektuele eiendom betref, is dit uit die literatuur (Maurer 2003; Scafidi 2005; Hutton 2010) duidelik dat kreatiewe kulturele uitdrukkings individueel beskerm word deur outeursreg, soos ook akademiese navorsingsuitsette, wat in 'n mate beskerming geniet teen plagiaat. Daar is deur inheemse gemeenskappe in Australië (oor staatsgefinansierde taalprogramme) (Newry en Palmer 2003) en Suid-Amerika (die saak tussen die Chileense Mapuche-Indiane en Microsoft) (Speas 2013) pogings aangewend om regtens 'n bevestiging van intellektuele eiendomsreg oor bedreigde tale te verkry, en by sommige sprekers van swart Afrikatale in Suid-Afrika kom daar ook 'n bepaalde aanspraak op eksklusiewe regte ten opsigte van betrokkenheid van nie-moedertaliges voor. Desnieteenstaande is daar op hierdie stadium nog geen voorsiening in die reg vir sodanige eiendomsreg ten opsigte van 'n taal as 'n item van intellektuele eiendom nie.

4.1 Tale in die konteks van die reg in Suid-Afrika

Ten spyte van hierdie leemte in die reg geniet spesifieke tale, ondanks die feit dat 'n taal op sigself nie in die eiendomsregskonteks 'n besitting geag word nie, wel erkenning as reële sisteme wat sosiaal, psigologies of andersins gedefinieer kan word, en is dit moontlik om die gebruik daarvan volgens die wet te reguleer. Dit is wat inderdaad ook in die taalpolitiek in Suid-Afrika gebeur, byvoorbeeld deur die erkenning van amptelike tale en, by implikasie, ook die erkenning van die kollektiewe besit daarvan deur enige sprekers wat verkies om dit as medium te gebruik. Hierdie erkenning in die Grondwet stuit egter teen die klaarblyklike onvermoë van die Staat en die regsweese om taal te konkretiseer (of te reïfiseer, soos die reg dit noem) en dit sodoende, soos in die geval van ander eiendomsitems van waarde, as hanteerbare objek by wyse van die reg te hanteer. En die gebruikersgemeenskap reageer hierop deur toenemend aanspraak te maak op eienaarskap volgens die reëls van die handelspraktyk en hulself te organiseer in taalagentskappe soos die Afrikaanse Taalraad en ander taalliggame. Daardeur kom regs persone tot stand wat namens die kollektiewe eienaars van die taal toegang tot bronne kan beding, die waarde van die taal as gebruiksisitem verhoog vir sowel saaklik-kommunikatiewe as kreatiewe funksies, en terselfdertyd die simboliese waarde daarvan in die Suid-Afrikaanse gemenebes van tale bevestig.

Dit bring ons weer by die onderskeid instrumenteel/simbolies, wat by nadere beskouing in 'n fyn balans van relatiewe belangrikheid verkeer. 'n Mens sou hierdie relatiewe belangrikheid dalk as 'n omgekeerd eweredige verhouding tussen die twee waardes kon beskryf: Hoe minder die instrumentele waarde van die taal, hoe groter die behoefte om die simboliese waarde daarvan te beklemtoon. (Vergelyk weer die situasies van die Keltiese tale in die VK en Frans in Kanada.) Hoe groter die instrumentele waarde van 'n taal, hoe minder die noodsaaklikheid om die simboliese waarde daarvan in stand te hou. (Dink hier byvoorbeeld aan die posisie van Engels in Suid-Afrika.) Vir Afrikaans sou dit beteken dat ons kundigheid en energie moet belê in die ontwikkeling van die funksies van die taal (uiteeraard ook deur te werk om 'n gunstige taalbeleidsomgewing te skep daarvoor), waardeur dit dienooreenkomstig makliker sal word om die simboliese waarde van die taal hoog te hou.

4.2 Besit ons die taal?

En dit bring my by 'n herbesinning oor 'n aanname wat ten grondslag lê aan die tema van eienaarskap: Is dit hoegenaamd sinvol om die verhouding tussen Afrikaans en die sprekers daarvan as 'n besitsverhouding uit te druk? Is die taal iets waarop ons as eienaars individueel aanspraak kan maak? In die lig van die gedagtes oor die liberale en moedertaalgebaseerde sienings van taal, betree ons nie die gebied van taal op eie risiko en onderwerp ons ons nie aan die dissipline wat die taal meebring as kommunikatiewe normsisteem vir die verskillende toepassingsterreine en gebruiksvorme daarvan nie? So 'n verskuiwing van perspektief laat 'n mens anders dink oor die verhouding tussen spreker en taal. In plaas daarvan om Afrikaans te beskou as ons eiendom, kan ons die verhouding deur die volgende twee stellings uitdruk:

- *Ons val onder die jurisdiksie van Afrikaans deur ons gebruik daarvan.*
Hiermee bedoel ek dat die gebruikskontekste van Afrikaans eise vir verstaanbaarheid en gepastheid stel aan die gebruikers om maksimaal te kan kommunikeer – of dit nou informele of formele kontekste is – en dat kennis en bewussyn van die betrokke norme deel vorm van die kommunikatiewe vermoë¹ van die sprekers en skrywers.
- *Ons verkry hierdeur nie individuele besitreg of enige ander reg nie, maar ontvang eerder rentmeesterskap om die waarde van hierdie taal te verhoog deur die wyse waarop ons dit gebruik.*
Hiermee bedoel ek dat, om die instrumentele waarde van die taal tot beswil van die gebruikers te slyp, ons 'n bepaalde verantwoordelikheid het om optimaal daartoe by te dra.

Hoe dit in die praktyk neerslag kan vind, kan slegs verstaan word as daar ook duidelikheid kan kom oor die veelvoudigheid van Afrikaans, en watter rol die verskillende variëteite van Afrikaans, waaronder ook die standaardvorm, binne die taalgemeenskap speel.

In die res van die artikel word die rol van Afrikaans, en spesifiek dié van Standaardafrikaans, in die taalgemeenskap dan van nader belig.

4.3 Afrikaans as individuele of kollektiewe besit

Gesprekke oor taal in Suid-Afrika as deel van 'n openbare debat was nog altyd emosioneel en dikwels polities van aard. By die Afrikaanssprekende publiek is daar 'n lewendige belangstelling in enigiets wat met die rol van Afrikaans in die gemeenskap te doen het, en is polemieke in die media dikwels aan die orde van die dag.

Waarom dit so is, is waarskynlik geleë in die feit dat enige moedertaalspreker 'n belang het by die taal waarin hy of sy lewe, en dus aanspraak maak op die taal wat vir hom of haar 'n lewenswyse en kulturele besit is, onafhanklik van teoretiese sienings oor die eienaarskap daarvan al dan nie. Daarom is daar ook 'n emosionele band daarmee, wat soos 'n senuwee geprikkel kan word deur enigiets wat as 'n bedreiging van hierdie besit geïnterpreteer kan word. Dit is dus 'n natuurlike verskynsel dat mense oor taal omgekrap kan raak.

Maar 'n taal is nie net die besit van individuele sprekers nie. Omdat dit 'n sosiale verskynsel is, ontstaan taatgebruikspatrone rondom segswyses, wat deur herhaalde gebruik vasgelê raak, en deur 'n hele gemeenskap toegeëien word as kenmerkend van die taalgemeen gebruik van 'n streek of

¹ Hymes (1972) het die term “communicative competence” geskep as 'n teenvoeter vir Chomsky (1965) se begrip “linguistic competence”, wat slegs betrekking sou hê op die grammatikale vermoë van die mens.

versameling gebruikers. Hierdie taalgebruikspatrone, wat gesamentlik ’n variëteit van die taal vorm, word ook deur die sprekers daarvan gekoester as gemeenskaplike besit. In Afrikaans word sulke variëteite dikwels benoem met verwysing na die geografiese streek waarin dit voorkom, soos Kaaps, Namakwalandse Afrikaans, Bolands, Oranjerivierafrikaans, Rehoboth-Afrikaans, Weskusafrikaans, Noordelike Afrikaans, Namibiese Afrikaans, Sandveldafrikaans, en dergelike meer. Maar soms word ’n register, of die taalgebruik wat hoort by ’n sekere aktiwiteit, as ’n soort Afrikaans benoem met verwysing na die gebruikskonteks, soos Geselsafrikaans, Koerantafrikaans, Mynwerkersafrikaans, Omgangsafrikaans, Praatafrikaans, Preekafrikaans, Radioafrikaans, Rugbyafrikaans, Skryftaalafrikaans en andere. Uiteraard is so ’n benaming ook ’n oorvereenvoudiging van die variasie wat in die betrokke register voorkom (vergelyk die teks van nuusbuletins met die taalgebruik van inbelprogramme in Radioafrikaans).

5. STANDAARDAFRIKAANS ONDER BESPREKING

Daar is egter een benaming waaroor daar dikwels uiteenlopende menings en sentimente bestaan, naamlik Standaardafrikaans. En omdat die variëteite van Afrikaans intuïtief gekoppel word aan die sprekers daarvan, ontstaan die vraag, in aansluiting by die moedertaalgebaseerde model van eienaarskap: Wie se eiendom is Standaardafrikaans? Is dit gelyk aan ’n variëteit wat natuurlikerwys gepraat word, of is dit ’n register wat vir ’n bepaalde doel gebruik word? Vroeg in 2014 was daar in Pretoria ’n gesprek wat deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns gereël is oor die vraag van eienaarskap van Afrikaans. ’n Natuurlike antwoord op hierdie vraag sou wees: Die taal behoort aan al die sprekers daarvan, punt. En oor die feit dat al die variëteite deel vorm van die taal en dus aan die Afrikaanse taalgemeenskap as geheel behoort, was daar geen debat nie.

Die kwessie van Standaardafrikaans het egter groot prominensie geniet. Aan die een kant word dit beskou as ’n prestigevorm van die taal wat gepraat word deur mense met status (dus ’n variëteit wat aan sekere sprekers behoort), aan die ander kant (juis) ’n kunsmatige taalvorm wat ontwerp is vir bepaalde formele funksies en nie deur enigeen in informele kontekste spontaan gebruik word nie. Vermoedelik is ’n kerneienskap van hierdie variëteit dat dit op grond van bepaalde eienskappe, wat ekstern vasgelê is, van die omgangstaal onderskei word. Hieronder wil ek dan probeer om kortliks die lig te laat val op die wyse waarop die standaardvorm van Afrikaans, veral in die huidige taalgebruikskonteks, tot stand kom en funksioneer.

5.1 Taalvariasie en norme

’n Ander woord vir standaard is *norme*, iets wat ’n beslissende rol speel by die bepaling van die aard van enige variëteit. En wat kenmerkend is van die wyse waarop taal (en tale) oor die wêreld heen ontwikkel, is dat taalnormering oorwegend **onder** die vlak van die bewussyn plaasvind deur die sprekers daarvan (Hymes 1972:286), en dus, by wyse van spreke, een van die mees “demokratiese” prosesse van keuse-uitoefening is. Binne die konteks van taalverskeidenheid onderskei die sociolinguistiek verskillende taalgebruiks*domeine* wat die hele spektrum van (in ons geval) die Afrikaanse taal dek, en elkeen gekenmerk word deur ’n register. Volgens die maatstaf van wat gepas is en wat minder gepas is in elke domein (voorbeeld van sulke domeine is bendetaal, vaktaal, radiotaal, koeranttaal, wetgewing, kreatiewe taal [soos poësie, hygromans, drama] of SMS-taal), pas die gebruikers, wat nie spesiaal vir die doel aangewys is nie, die onbewustelik aanvaarde norme toe en besluit dan wat “reg” en wat “verkeerd” is. In werklikheid bepaal die norm egter nie wat reg of verkeerd is nie, maar wat paslik of onvanpas is in die konteks waarin die taalvorm gebruik word.

5.2 Die aard van standaardtaal

Standaardtaal is 'n spesiale register wat kommunikasie oor variëteitsgrense heen moontlik maak, en is geen individu se eiendom of 'n variëteit wat kenmerkend is van 'n bepaalde versameling gebruikers nie (vergelyk Ponelis 1998:65). Dit word byvoorbeeld gebruik wanneer 'n mens moet kommunikeer met onbekende mense van wie jy nie weet of hulle jou variëteit sal verstaan nie, of wanneer die tema waaroor jy kommunikeer, formeel of tegnies van aard is. Ook in 'n koerant soos *Son*, wat poog om in sy beriggewing so na as moontlik aan die omgangstaalregister te kom, word berigte in 'n register geskryf wat ooreenstem met die tema, formeel of informeel, en is dit opmerklik dat die standaardtaalregister ook vir stilisties formele (of selfs neutrale) onderwerpe gebruik word² (vergelyk Bylae A). 'n Breë interpretasie van die term “variëteit” maak natuurlik ook voorsiening daarvoor dat 'n register as 'n (gebruiks)variëteit beskou kan word, en dit is waar die verwarring dikwels geleë is en standaardtaal dan met 'n bepaalde groep sprekers geassosieer word. Feit is dat sprekers van alle gebruikersvariëteite in staat is om hulle taalgebruik aan te pas by wat in 'n bepaalde konteks as gebruiklik beskou word. Daarby word standaardtaal veel minder aktief (veral mondeling) gebruik as wat dit passief verstaan word. David Crystal (2003) se opmerkings oor Standaardengels (hoewel nie noodwendig in alle opsigte op Afrikaans van toepassing nie) is ook hier van belang:

Although SE [Standard English] is widely understood, it is not widely produced. Only a minority of people within a country [...] actually use it when they talk. [...] Similarly, when they write – itself a minority activity – the consistent use of SE is required only in certain tasks (such as a letter to a newspaper, but not necessarily to a close friend). More than anywhere else, SE is to be found in print.

Die gebied waarop 'n mens standaardtaal kan verwag, is dus oorwegend die konteks van geskrewe kommunikasie. Hier is die *vorm* van die taal (dus spelling en skryfwyse) van belang. In elke domein waar die vorm wat die taal aanneem, 'n belangrike rol speel (en dit geld veral formele kontekste, en by name formele skryftaal, soos ook die terminologie van vakgebiede), kom die diegene wat daarby betrokke is en opgelei is om die taal te gebruik, volgens riglyne wat mettertyd ontwikkel het, oor die mees aanvaarbare alternatiewe taalvorme vir die betrokke gebruikskonteks ooreen.

6. DIE NORMEERDERS VAN STANDAARDAFRIKAANS

'n Belangrike vraag is: Wie normeer Standaardafrikaans? Uit die magdom en rykdom van die Afrikaanse woordeskat word daar nêrens 'n gestruktureerde en sistematiese sifting gedoen van wat standaard en wat niestandaard is nie. Die idee dat daar 'n wit-swart skeiding plaasvind tussen woorde wat standaard en sogenaamd niestandaard is deur 'n liggaam wat daarvoor moet besluit, is 'n oorveralgemening van wat op die grond gebeur. In werklikheid word standaardisering toegepas deur almal wat uit die aard van hulle werk keuses moet uitoefen oor wat, in ooreenstemming met die teikengehoor, die formaliteit van die situasie, die ondubbelsinnigheid van terme, en beginsels van doeltreffende kommunikasie paslik is – en dit sluit die groot massa taalpraktisyns in wat van dag tot dag met (veral geskrewe) taal werk: onderwysers, dosente, joernaliste, vakkundiges, ensovoorts.

² *Son*, 10 Maart 2014, bl. 5 (Vrou boos ná kind in gat val) – Bylae A

In hierdie verband is Steven Pinker (2012) se opmerkings oor die wyse waarop taalkundige konvensies met betrekking tot standaardtaal (Standaardengels in sy geval) tot stand kom, ook van belang:

[T]he conventions of linguistic usage are tacit. The rules of standard English are not legislated by a *tribunal* [kursief van my – EFK] but emerge as an implicit consensus within a virtual community of writers, readers, and editors. That consensus can change over time in a process as unplanned and uncontrollable as the vagaries of fashion. No official ever decided that respectable men and women were permitted to doff their hats and gloves in the 1960s or to get pierced and tattooed in the 1990s—nor could any authority with powers short of Mao Zedong have stopped these changes. In a similar manner, centuries of respectable writers have shrugged off long-forgotten edicts by self-appointed guardians of the language, from Jonathan Swift's denunciation of *banter*, *mob*, and *sham* to Strunk and White's disparaging of *to personalize*, *to contact*, and *six people* (as opposed to *six persons*).

Maar is die Taalkommissie (TK) van die Suid-Afrikaanse Akademie van Wetenskap en Kuns nie dalk so 'n tribunaal nie? Wat is die werkswyse van die TK? Die Reglement van hierdie kommissie lui soos volg:

Die Taalkommissie is die orgaan van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat namens die Akademie voorligting gee oor die spelling, skryfwyse en gebruiksvorme van die Afrikaanse taal, onderworpe aan die gesag van die Akademieraad.

In die praktyk is die TK 'n diensliggaam wat, op grond van wat hulle waarneem as die mees algemeen geldende praktyk wat oor die jare ontwikkel het, die spelling en skryfwyse van Afrikaans op 'n sistematiese wyse bereël. Dit beteken dat hulle in woorde stel wat in die praktyk gebeur, of behoort te gebeur, in die lig van sistematiese beginsels. Die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS)* is oor die afgelope eeu reeds tien maal aangepas deur die formulering en verfyning van die reëls wat die spellingsnorme van Afrikaans beskryf. In die proses word die *AWS* deur taalpraktisyns gebruik as handleiding om 'n algemeen geldende spelwyse toe te pas, terwyl die insette van taalpraktisyns as bron van kennis deur die Taalkommissie gebruik word om te verseker dat die spelreëls en die praktyk nie verskillende rigtings inslaan nie. Dit is die hooffokus van die TK, en daarom is dit nie juis dat hierdie liggaam taalgebruiksnorme kan neerlê oor iets anders as die ortografie en 'n bepaalde seleksie van leksikale items nie. Die wyse waarop hierdie seleksie plaasvind, kom hieronder aan bod.

6.1 Die *AWS* en Standaardafrikaans

Die *AWS* bevat, soos die titel aandui, benewens die spelreëls, ook 'n woordelys, waarvan 'n belangrike doel is om leiding te gee met betrekking tot die spelling van bepaalde kategorieë woorde. Dit is geen lys woorde wat gesanksioneer word as standaardtaal nie. In vergelyking met 'n bygewerkte korpus van geskrewe moderne Afrikaans van ongeveer 46 miljoen woorde (waarin daar 640 000 afsonderlike woordeskatitems voorkom), wat die TK gebruik om frekwensietoetse vir nuwe opnames en die hersiening van verouderde vorme te doen, bestaan die *Woordelys* uit net meer as 33 000 woorde, waarvan 'n aansienlike persentasie ook wisselvorme van dieselfde woord verteenwoordig.

In Bylae B hierby word 'n lys voorbeelde van lemmas uit die *Woordelys* weergegee om te toon dat (a) woorde (of woordgroepe) met spelprobleme, (b) woorde uit gebruikersvariëteite, (c) leenwoorde uit ander tale, (d) wisselvorme en so meer opgeneem word. Hoewel die persepsie

bestaan dat woorde wat in die *AWS* opgeneem word, ’n soort amptelike stempel van standaardheid ontvang, blyk dit hier duidelik dat dit hier nie in die eerste plek gaan om woorde wat “tot Standaardafrikaans toegelaat word”, of selfs tot ’n formele gebruiksregister beperk word nie, maar om ’n eksemplariëse voorstelling te gee van die soort woorde wat nuttig sou wees om op te neem. Dit sluit ook woorde in waarvoor gebruikers kon twyfel (byvoorbeeld neologismes) en waarvan die insluiting bewys is daarvan dat hulle deur die taalgemeenskap as standaard aanvaar word. Dit beteken dat standaardtaal grotendeels uit woordeskat bestaan wat eenvoudig Afrikaans is, of dit nou in normgewende publikasies (die *AWS* en woordeboeke wat as sodanig beskou word) opgeneem is of nie. Wanneer daar egter meer as een variant (met dieselfde betekenis) vir ’n bepaalde begrip bestaan, maak die gebruiker ’n keuse op grond van die gepastheid van die woord in die betrokke konteks, en in kontekste waar formaliteit (veral in geskrewe taalgebruik) ter sake is, word die keuse wat uitgeoefen word, as die standaard beskou.

’n Eienskap van standaardtaal is juis dat die wyses waarop dit gebruik word – byvoorbeeld vir administratiewe doeleindes, godsdiens, vaktal of die ekonomie – lei tot die minimalisering van taalvariasie (volgens Ivić en Crystal s.j.),³ en ’n verskraling van uitdrukkingswyses tot gevolg het. Met verwysing na die wyse waarop die woord “baie” in Afrikaans gestandaardiseer is, skryf Ponelis (1998:65) oor hierdie minimalisering:

In woordeboeke en ander Standaardafrikaanse tekste hoef nou net die enkele vorm *baie* gebruik te word. Almal, sowel dialektspreekers as vreemdtaliges, wat Standaardafrikaans [gebruik,] hoef dus net hierdie een vorm uit die verwarrende verskeidenheid te verwerf. Eenvormigheid is dus belangrik omdat dit ’n standaardvariëteit meer toeganklik maak.

In teenstelling met die standaardvariëteit, is die verskillende variëteite van Afrikaans egter ryk aan uitdrukkings, waarvan baie eenvoudig as gevolg van onbekendheid nog nie skriftelik opgeteken is nie en ’n onontginde area van die leksikon van die taal verteenwoordig.

In die *AWS* word daar ook in ’n afsonderlike afdeling riglyne gegee oor die spelling van woorde wat in informele kontekste geskryf word (byvoorbeeld in dialoë of omgangstaaltekste) en deur taalpraktisyns as niestandaardvorme ervaar word, woorde wat byvoorbeeld uit kodevermenging of as informele leenwoorde uit Engels of ander tale gebruik word. Dit sluit in (a) verafrikaanste vorme soos *orraait* (of *orrait*), *oukei*, *mistyk*, *eisj*; (b) morfologies ingebedde vorme soos *gecoach*, *aangepass*, *nicer*, *sexier*, *afshowerig* en *opgedresse*; en (c) uitdrukkings wat heeltemal of gedeeltelik verafrikaans is, soos *finish en klaar*, *fair en square* en *gepoeier en gepaint*. Sulke vorme is deel van die taalrealiteit van Afrikaans en dra deur hulle konnotatiewe waarde by tot die inhoud wat gekommunikeer word, asook die register waarin dit gebruik word.

7. DIE HISTORIESE KONTEKS

Wat die historiese konteks van Standaardafrikaans betref, kan dit, soos in die geval van ander standaardtale, beskou word as die talige neerslag van die sosiale geskiedenis. Diegene wat tydens die ontstaanstyd van Afrikaans as selfstandige taal deel uitgemaak het van Pinker (2012) se “virtual community of writers, readers, and editors”, het ’n bepalende rol in die standaardisering van Kaaps-Hollands gespeel. Dit het ’n belangrike komponent Afrikaansgebruikers uitgesluit. Sprekers van Kaapse Moesliemafrikaans, wat reeds vroeg in die 19de eeu ortografiese vorm gegee het aan

³ Standard languages arise when a certain dialect begins to be used in written form, normally throughout a broader area than that of the dialect itself. The ways in which this language is used – e.g., in administrative matters, literature, and economic life – lead to the minimization of linguistic variation.

hierdie variëteit van Afrikaans deur die gebruikmaking van die Arabiese alfabet, het 'n aansienlike bydrae gelewer tot geskrewe Afrikaans reeds in die tyd toe Patriotafrikaans nog in sy kinderskoene was. Wat opvallend is, is dat Arabiese Afrikaans, net soos ander vorme van Afrikaans, talle Nederlandse skryftaalkenmerke vertoon het. Met die romanisering van Arabiese Afrikaans, soos Achmat Davids (Davids 2011:99, 105, 124) ook aantoon, het hierdie variëteit in sy geskrewe vorm ook mettertyd meer “suiwer” Afrikaanse kenmerke vertoon, eg Kaaps en verskillend van Nederlands. Die politieke gebeure rondom die eeuwisseling het egter die klimaat geskep vir 'n Nederlands-Afrikaanse “koalisie” wat as standaardtaal met 'n wêreldtaal soos Engels kon meeding, en daardeur het die invloed van Nederlands nog vir lank 'n kenmerk van die standaardregister gebly. As gevolg van die maatskaplike ongelykhede van dié tydperk, asook godsdiensoorskille, het die potensiaal van Kaapse Moesliemafrikaans vir die ontwikkeling van 'n standaardregister in Afrikaans, soos gedemonstreer deur die kitaabs (vergelyk Bylae B) in Arabiese Afrikaans, in groot mate verlore gegaan. Dit is op hierdie gebied dat die standaardregister verryk kan word en daar ook oor religieuse grense heen hande gevat kan word. (Vergelyk die bespreking van die wyse(s) waarop die standaardvariëteit verryk kan word in paragraaf 10.)

8. DIE HERSTANDAARDISERING VAN AFRIKAANS

Deur 'n vergelyking van Standaardafrikaans as funksionele register (of *gebruiks*variëteit) met *gebruikers*variëteite te tref, kan daar groot verskille uitgewys word op die verskillende vlakke van taalbeskrywing (woordeskat, uitspraak, sinsbou en dergelike meer). So 'n vergelyking berus egter op 'n denkfout. Omdat die standaardregister vir die sprekers van enige variëteit 'n wyse van kommunikasie is en aangeleer moet word, lê dit op 'n heel ander vlak van vergelyking as byvoorbeeld dié tussen formele en informele taalgebruik (wat op sigself ook in gebruikersvariëteite voorkom). Ekwivalente van informele uitdrukkings in streeks- en gebruikersvariëteite, dikwels pittige en raakvat-uitdrukkings, kan beswaarlik in die formele standaardregister verwag word, omdat dit kenmerkend is van dié register dat gevoelswaarde (wat dikwels deur die konteks bepaal word) dikwels onderspeel word, en sprekers of skrywers hulle gedagtes konteks-onafhanklik formuleer.

Die ontwikkeling van 'n standaardregister in Afrikaans vanaf 1917, waardeur dit moontlik geword het om vakterminologieë tot stand te bring en op gelyke voet met Engels standaardfunksies in die Suid-Afrikaanse taalgebied te vervul, het plaasgevind in 'n sosiopolitieke konteks wat dit vanuit die hedendaagse perspektief swaar stigmatiseer. (Daarsonder sou ons vandag slegs met die problematiek van Standaardengels te doen gehad het en nie ook met die moeilikheidsgraad van Standaardafrikaans nie.) Die wyse waarop dit tot stand gekom het, volgens die denkpatrone van die tyd, was inderdaad in die raamwerk van 'n taalbeplanning wat “van bo na onder”, deur regeringsbetrokkenheid, gefunksioneer het. Die konteks van sosiale ongeregtigheid waarbinne die beleidsrigtings van die tyd, ook op taalgebied, beslag gekry het, is 'n ryk navorsingsveld en word deeglik ontgin. Hierdie konteks lê waarskynlik ten grondslag aan 'n aandrang om 'n nuwe standaardvorm te ontwerp as 'n soort regstellende aksie om die aard van die register meer in ooreenstemming te bring met die demografie van die land, of, in die geval van Afrikaans, van die taalgemeenskap in den brede. Met dié motivering is daar, soos in die geval van sosiopolitieke hervorming, fundamenteel geen fout te vind nie. Ook in die geval van die teoretiese herstandaardiseerders van ander tale, soos Huss en Lindgren (2011:2–3, 7–8), Van der Horst (2009:11) en andere, is die demokratisering van die gemeenskap die basis van 'n “demokratisering” van die standaardtaal. Daar is egter 'n belangrike onderskeid in die benadering tot die wyse waarop dit bewerkstellig word.

Soos vroeër aangedui, is taalnormering 'n verskynsel wat in alle variëteite **onder** die bewus-

synsvlak voorkom, en is dit ook van toepassing op gebruiksvariëteite soos die standaard. 'n Diachroniese vergelyking van so 'n variëteit by wyse van 'n gedateerde korpusontleding (of verskillende uitgawes van dieselfde woordeboek) sou beduidende verskille uitwys – nie net ten opsigte van nuwe begrippe uit die leefwêreld van die sprekers nie, maar ook die aanvaarding deur die gebruikers van voorheen informeel gemerkte items (byvoorbeeld *kar* vir “motor”, *boks* vir “doos”, *tjops*, en ander) en selfs sintaktiese patrone, soos die posisie van die hoofwerkwoord by voorsetsgroepe of betreklike bysinne; byvoorbeeld “Die algemene indeks van aandeel *het geklim* van 25,991 tot 29,021.” Teenoor “Die algemene indeks van aandeel *het* van 25,991 tot 29,021 *geklim*.” Dit dui op 'n proses van spontane herstandaardisering, sonder die ingryping van 'n normeringsliggaam of korpusbeplanning “van bo na onder”, soos in die geval van aanvanklike standaardisering. In ooreenstemming met die beginsel van informatiwiteit in die tekslinguistiek, wat 'n balans tussen bekende en nuwe inligting vir optimale inligtingsoordrag verseker, word spontane herstandaardisering ook gekenmerk deur geleidelike verandering, pleks van 'n drastiese ingryping en voorskriftelikheid deur 'n normeringsliggaam. Dit is so 'n voorskriftelike benadering waarteen Ponelis (1998:67) waarsku in 'n insiggewende publikasie oor Standaardafrikaans.

Wanneer daar met herstandaardisering egter juis 'n nuwe matriksdialek (soos Ponelis 1992:76 dit beskryf) beoog word, begin die standaardiseringproses van nuuts af en kom die funksionaliteit van bestaande terminologieë in gedrang. So 'n radikale herstandaardisering deur korpusbeplanning het selde in taalgemeenskappe elders geslaag – 'n mens dink hier aan Iwrit (wat nuwe lewe geblaas het in Klassieke Hebreeus – vergelyk Weinstein 1990) en Tamil (wat die moderne gesproke vorm van die taal as basis gebruik het in plaas van die 13de-eeuse geskrewe standaard – vergelyk Schiffmann 1998). In die geval van Nynorsk (waardeur 'n nuwe vorm van Standaardnoorweegs ontwerp is – vergelyk Bartsch 1987 en Jernudd 1971) was die resultaat 'n nuwe variëteit wat slegs deur sommige sprekers aanvaar is en naas Bokmål (die ouer standaard) gebruik word.

Net soos die term “standaardtaal” 'n ondeursigtige term is en vatbaar is vir uiteenlopende interpretasies, kan “herstandaardisering” daarom ook vir verskillende teoretici verskillende betekenisse hê en vir verskillende doeleindes gebruik word as navorsingsdoelwit. As met die herstandaardisering van Afrikaans bedoel word die vervanging deur 'n nuwe standaard, is dit van nul en gener waarde as so 'n doelwit nie ook 'n korpusbeplanningsraamwerk insluit om die doel te bereik nie. Die feit dat juis so 'n raamwerk in publikasies oor herstandaardisering tot dusver ontbreek, dui waarskynlik op 'n besef dat die term hier te lande niks anders as 'n teoretiese konstruk is nie. ('n Praktiese implikasie soos die ontmagtiging van groot getalle taalpraktisyns, wat hulle brood en botter verdien deur hulle gebruikskennis van die standaardregister, word nog nie in berekening gebring nie.)

9. DESTANDAARDISERING

In teenstelling met herstandaardisering, is destandaardisering 'n taalpolitieke verskynsel wat geen teoretiese konstruk is nie en wel deeglik deur die deursneesprekers van Afrikaans waargeneem kan word. Deur destandaardisering word 'n taal (a) sy sanksie of “lisensie” ontnem om soos voorheen te funksioneer, en (b) leksikaal ontmagtig deur die afname of beëindiging van sowel taalinterne normering as die gebruik van die taal vir die hoër funksies waarop die normering afgestem was (vergeelyk Kotzé 2009:1).

Maar ook oor destandaardisering kan daar geteoretiseer word, byvoorbeeld deur dit as 'n universele verskynsel te beskryf wat as deelproses van 'n noodsaaklike herstandaardisering van bestaande standaardtale voorkom. Dit sou egter neerkom op werklikheidsvreemde naïwiteit. Odendaal (2013:185) verwys na Willemsse (2009:2), wat dit beklemtoon dat “no language can be

without politics and [...] those who demand a language without values or politics are subtly pushing their own politics". Ook destandaardisering is nie 'n waardevrye en polities neutrale proses nie, iets wat maar alte duidelik na vore kom in regeringsbeleid wat op taal betrekking het. Dit is dus hier waar alle sprekers van Afrikaans dit aan die lyf voel, omdat hulle belang het by die taal waarin hulle lewe. Prioriteitsgewys is destandaardisering dus vir Afrikaanssprekendes oor die algemeen van meer onmiddellike belang as herstandaardisering.

10. 'N ALTERNATIEWE ROETE

Die sensitiewe aard van sprekersbelang by die funksies en ontwikkeling van 'n taal (*in casu* Afrikaans) kan daartoe lei dat standaardtaal as die medium beskou word waardeur die status van gebruikersvariëteite enigermate verhoog kan word. Hoewel dié motivering iets is waarmee sprekers hulle oor die algemeen sonder voorbehoud kan vereenselwig, is dit 'n bedenklieke strategie om die standaardregister vir hierdie doel te gebruik, bloot vanweë die inherente teenstrydigheid tussen die aard van die twee konsepte, waarvan hierbo reeds melding gemaak is: (1) Standaardtaal is 'n beperkte en gereduseerde deel van die leksikon van die taal as geheel, teenoor die variasierikdom van die sprekersvariëteite; en (2) standaardtaal is per definisie 'n gebruiksvariëteit, wat deur sprekers van verskillende gebruikersvariëteite vir spesifieke doeleindes gebruik word, terwyl die gebruikersvariëteite variërende norme (standaarde) gebruik en 'n identifiserende waarde het.

Die variëteite van Afrikaans kan onder andere wen aan sigbaarheid en benutting deur bekendstelling, blootstelling en kulturele bevordering. Deur die wyer bekendstelling van die rykdom van Afrikaans deur sy variëteite vind spontane standaardisering plaas (as daarmee bedoel word erkenning as deel van "Hoofstroomafrikaans" – vergelyk Kotzé 2011a), soos uit paragraaf 8 hierbo duidelik blyk. 'n Onder-na-bo-proses, waardeur die leksikon en fraseologie van Afrikaans deur die sprekers toenemend verryk en uitgebrei word, en normgewende publikasies soos die *AWS* en woordeboeke (soos vroeër genoem) deur die gebruiksfrekwensie kennis moet neem daarvan, is die mees effektiewe wyse waarop demokratiese normering in die taal as geheel kan plaasvind.

Maar is daar nog ruimte vir doelgerigte beplanning om die voedingsbronne van Afrikaans uit die totaliteit van die taalgemeenskap te benut? Op watter wyse sou korpus- en grammatikale beplanning ingespan kon word om die "veelkantige" aard van Afrikaans (Prah 2011) ten beste te reflekteer? Die vervanging van die standaardvorm binne 'n nuwe matriks? In hierdie verband maak Hendricks (2014:16) 'n belangrike opmerking ten opsigte van die wyse waarop Afrikaans in sy groots moontlike omvang weergegee kan word:

Dit gaan myns insiens nie daaroor dat die huidige standaardvariëteit laat vaar moet word en dat, as 'n radikale historiese regstellingsaksie, óf Suidwestelike Afrikaans óf Noordwestelike Afrikaans as basis moet dien vir die totstandbring van 'n nuwe standaardvariëteit nie. So 'n rewolusionêre stap hou in elk geval die risiko in dat Afrikaans as geheeltaal sal inplof (Hendricks 2011:113). Waaroor dit hier wel gaan, is dat die huidige standaardvariëteit uitgebrei of verryk kan word deurdat veral variante en/of innovasies vanuit Suidwestelike Afrikaans óf Noordwestelike Afrikaans, d.i. die twee dialekte wat blykens Ponelis aan die begin van die twintigste eeu as basis vir standaardisering gediskwalifiseer is, vryelik en toenemend toegang tot die standaardvariëteit sal verkry.

Hierby kan die leser verstaan dat bestaande en nuwe variante (op verskillende taalvlakke) toenemend gebruikstoepassings in formele kontekste behoort te verkry. Terwyl die leksikon en fraseologie van 'n taal of variëteit in 'n groot mate (a) deur registerbehoefte bepaal word (byvoorbeeld die ontwikkeling van terminologie vir 'n bepaalde vakgebied); of (b) deur 'n sprekersgemeenskap sosiolinguisties gestratifiseer word volgens die styl wat van toepassing is,

en die gebruik van leksikale items en uitdrukkings deur kreatiewe skrywers, joernaliste en taalpraktisyns aangewend word volgens die prosesse van informele standaardisering, verg die weergawe van grammatikale variasie 'n ander benadering. Hendricks stel 'n sogenaamde “panchronies-polilektiese Afrikaanse grammatika” in die vooruitsig, waardeur die standaardvariëteit en omgangs- of vernakulêre variëteite van Afrikaans gesamentlik in die taalkundige beskrywing van Afrikaans betrek word (Hendricks 2014:18).

Hierdie vooruitsig is moontlik nie so ver in die verskiet nie. 'n Belangrike fase in die proses van standaardisering van gesproke variante is dié van kodifisering, wat voor die elektroniese era via formele korpusbeplanning ('n bo-na-onder-proses) relatief langsaam plaasgevind het. Na gelang meer en meer geletterde gebruikers die kuberruim betree en tekste voortbring, word taalvorme wat voorheen oorwegend, en sommige gevalle uitsluitlik, as orale kommunikasiekodes gebruik is, gekodifiseer (Kotzé 2011b:756). 'n Uitvloeisel hiervan is die beskikbaarheid van groot getalle tekste in elektroniese formaat, wat dit ook moontlik maak om 'n korpus (of korpuse) vir so 'n taal op te stel wat benut kan word om **leksikale** items te standaardiseer op basis van frekwensietellings en die gebruik van konkordansies. 'n Verdere stap in die kodifisering is dan die opstel van 'n **standaardgrammatika** op die basis waarvan opvoedkundige materiaal voortgebring en gepubliseer kan word. Binne die raamwerk van die voorgename VivA-projek, oftewel die Virtuele Instituut vir Afrikaans, waarvolgens 'n omvattende grammatika van ongeveer 6 000 bladsye (fonologie, morfologie en sintaksis, asook ortografie en bibliografie) van Afrikaans eersdaags as deel van die Nederlandse Taalportaal-inisiatief met die ondersteuning van die SA Akademie ontwikkel word, sou variante grammatikale strukture wat in Afrikaans voorkom, ook deeglik onder die wetenskaplike soeklig kan en moet kom.

11. TEN SLOTTE

In hierdie artikel is die aandag gevestig op die aard van die standaardvariëteit van Afrikaans, 'n gebruiks- of nutsvariëteit wat die gesamentlike besit is van die Afrikaanse taalgemeenskap, en in dié opsig geen sprekersidentifiseringsfunksie het nie. Daar is ook klem geplaas op die rol van die gebruikersgemeenskap wat bydra tot die voortgaande standaardisering van die leksikon en grammatika in ooreenstemming met die kommunikatiewe behoeftes van die taal. In vergelyking met die instrumentele waarde van Afrikaans vir sy sprekers, speel die simboliese waarde van gebruikersvariëteite (veral regionaal) ook 'n rol by die *aanvaarding* van die standaardvariëteit as kollektiewe besit, 'n belangrike aspek van standaardisering. Die verryking van die standaardvariëteit, ook by wyse van leksikale uitbreiding vanuit die streeksvariëteite, is in ooreenstemming met internasionale modelle (sien paragraaf 8), eerder as die nosie van herstandaardisering.

BIBLIOGRAFIE

- Bartsch, R. 1987. *Sprachnormen: Theorie und Praxis*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Blythe, J. & R.M. Brown (eds). 2003. *Maintaining the links: language, identity and the land*. Proceedings of the 7th “Foundation for Endangered Languages Conference”, Broome, Western Australia. Bath: Foundation for Endangered Languages.
- Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Harvard: Harvard University Press.
- Crystal, D. 2003. *The Cambridge encyclopedia of the English language*. Cambridge University Press. (online edition) [2010/01/16].
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the Theory of Syntax*. Cambridge, Mass.: The M.I.T. Press.
- Chong, D. 2009. Cautious celebrations over “Allah” judgement. *Herald Malaysia Online*. 31 December. <http://www.heraldmalaysia.co/news> [2010/03/12].
- Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915*. Edited by H. Willemse and A. Dangor. Pretoria: Protea Boekhuis.

- Ford, R.T. 2005. *Racial culture: a critique*. Princeton: Princeton University Press.
- French and the *francophonie* in Canada. [http://www12.statcan.gc.ca/census-recensement/2011/as-sa/98-314-x/98-314-x2011003_1-eng.cfm\(geraadpleeg 26/03/2014\)](http://www12.statcan.gc.ca/census-recensement/2011/as-sa/98-314-x/98-314-x2011003_1-eng.cfm(geraadpleeg%2026/03/2014)).
- Hendricks, Frank. 2014. Met Ponelis op die spoor van Praatafrikaans (Ponelisgedenklesing, gelewer op 24 Julie 2014). Dept. Afrikaans & Nederlands, Universiteit van Stellenbosch.
- Huss, L. & A-R. Lindgren. 2011. Introduction: defining language emancipation. *International Journal of the Sociology of Language*, 209:1–15.
- Hymes, D.H. 1972. On communicative competence. In Pride & Holmes (eds). 1972.
- Hutton, C. 2010. Who owns language? Mother tongues as intellectual property and the conceptualization of human linguistic diversity. *Language Sciences* 32, pp. 638–47.
- Ivić, P. & D. Crystal. Standard languages. [http://www.britannica.com/EBchecked/topic/161156/dialect/27146/Standard-languages\[2014/03/26\]](http://www.britannica.com/EBchecked/topic/161156/dialect/27146/Standard-languages[2014/03/26]).
- Jernudd, B. 1971. Review of “Language conflict and language planning: the case of modern Norwegian” by Einar Haugen. *Language*, 47:490–3.
- Kok, B. 1974. *Afrikaans: ons pèrel van groot waarde*. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.
- Kotzé, E. 2009. Hoe standaard kan ’n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. Referaat voorgedra by die Roots-konferensie, 22–23 September 2009, Universiteit van die Wes-Kaap, Bellville.
- Kotzé, E. 2011a. Standaardisering en “mainstreaming” – die kloutjie by die oor. In Prah (red.) 2011:30–43.
- Kotzé, E. 2011b. Demokratiesering en standaardisering – Teenstrydige doelwitte vir inheemse tale? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):746–757.
- La Follette, L. (ed.). 2013. *Negotiating culture: heritage, ownership, and intellectual property*. Amherst: University of Massachusetts Press.
- Maurer, B. 2003. Got language? Law, property and the anthropological imagination. *American anthropologist*, 105 (4): 775–81.
- Newry, D. & K. Palmer. 2003. “Whose language is it anyway?” Rights to restrict access to endangered languages: a North-East Kimberley example. In Blythe & Brown (eds). 2003:101–106.
- Odendaal, G. 2013. Restandardisation defined as democratising language planning. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42:183–203.
- Omniglot.s.a.<http://www.omniglot.com/writing/irish.htm> [2014/03/31].
- Pinker, S. 2012. False fronts in the language wars. *Slate*, 31 May.
- Ponelis, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In Webb (red.) 1992:69–90.
- Ponelis, F.A. 1998. Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie. Universiteit van Stellenbosch: Annale.
- Prah, K.K. (red.). 2011. *’n Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: CASAS.
- Pride, J.B. & J. Holmes (eds). 1972. *Sociolinguistics*. Baltimore: Penguin Education.
- Scafidi, S. 2005. *Who owns culture? Appropriation and authenticity in American law*. New Brunswick, NJ.: Rutgers University Press.
- Schiffman, H.F. 1998. Standardization or restandardization: the case for “standard” spoken Tamil. *Language in Society*, 27(3):359–85.
- Speas, M. 2013. Language ownership and language ideologies. In La Follette (ed.) 2013: Chapter 4.
- Statistics Canada. s.j.[http://www12.statcan.gc.ca/census-recensement/2011/as-sa/98-314-x/98-314-x2011001-eng.cfm.\[2014/03/31\]](http://www12.statcan.gc.ca/census-recensement/2011/as-sa/98-314-x/98-314-x2011001-eng.cfm.[2014/03/31]).
- Van der Horst, J. 2009. Het einde van de standaardtalen. Referaat voorgedra by “Standaardtalen in beweging. Symposium standaardisatie en destandaardisatie in Nederland, Vlaanderen en Zuid-Afrika”, 19–21 Augustus 2009, Universiteit van Leiden.
- Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Weinstein, B. (ed.). 1990. *Language policy and political development*. Norwood: Ablex.
- Willemse, H. 2009. Verandering en toekoms: Om ’n kreoolse Afrikaans te bedink. Referaat voorgedra by die Roots-konferensie, 22–23 September 2009, Universiteit van die Wes-Kaap, Bellville.

abdās neem (*rituele was*), geneem
aikōna of aikona of haikōna of haikona (*tw.*)

BYLAE A

SON (10 Maart 2014, bl. 5)

VROU BOOS NÁ KIND IN GAT VAL – Wil munisipaliteit dagvaar oor voorval

'n VROU van Uitenhage oorweeg regstappe teen die munisipaliteit nadat haar seun amper in 'n gat verdrink het.

Heidi White van Thomas Gamble sê haar driejarige seun, Skyler, het buite gespeel toe hy in die gat geval het. Die munisipaliteit het die gat al drie maande terug gegrawe om 'n waterpyp reg te maak. Die gat was vol water toe Skyler daar inval en White sê net sy voete het uitgesteek.

Gelukkig het 'n sewejarige seun Skyler gered.

Die voorval het gebeur toe White en haar man by die werk was.

Die gat is reg voor die deur van White se huis.

“Hy en ander kinders het daar gespeel. Hy het agter iets aangehardloop en toe daarin geval.

“Hy was so diep in die gat dat net sy voete uitgesteek het.

“Hy sou verdrink het as die ander kind hom nie uitgehaal het nie.

“Ons het onlangs self die water daaruit probeer dreineer. Ons het seker 20 ℓ water uitgesuig.” White sê van die inwoners het self probeer om die gat met sand toe te gooi.

Gewaarsku

Weens die modderige water is dit moeilik om te sien hoe diep die gat is. Volgens White het sy die munisipaliteit vóór die voorval gebel en gewaarsku dat haar kind daarin kan val.

Volgens haar is sy gesê die gat kan nie toegemaak word nie, want dit sou weer inval. Dit moet opgevolg word. White het Law for You om regsadvies genader. Hulle is besig om by die munisipaliteit uit te vind hoekom die gat steeds oop staan.

Sy sal dinge daarna verder voer.

Kupido Baron, 'n munisipale woordvoerder, sê hy is nie by magte om kommentaar te lewer wanneer regsaksie teen die munisipaliteit oorweeg word nie.

Baron het wel genoem die munisipaliteit se regsafdeling hanteer soortgelyke klagtes.

Dié afdeling is op die eerste vloer van die Noninzi Luzipho-huis in Whites-weg, Sentraal. Die departement kan by 0415054564 gebel word.

White word ook gevra om die munisipaliteit se diensleweringsslyn by 0800205050 te bel sodat die saak ondersoek kan word.

[Abrie Burger (abrie.burger@son.co.za)]

BYLAE B

- aits of aitsa (*tw.*)
 amatie (*tante*), -s
 bai (*aanspreekvorm vir ouer man*)
 barakat (*Isl.*)(*gasvryheidsgeskenk*) -s
 batja (*Isl.*)(*uit die Koer 'aan resiteer*), ge-
 beld of belt, belde
 bilaal (*Isl.*) (*muezzin*) -s
 binnelik (*innerlik*), -e
 blues (*hy speel* -)
 boeja (*vader*), -s
 boeka (*Isl.*)(*die vas breek*), ge-
 breakdance (*soort dansstyl*)
 butler, -s
 cheetah, -s
 chowder, -s
 clan, -s
 cottage, -s
 cutex, ge-
 dankievaderbly
 deen (*Isl.*)(*geloof*)
 djoemoea (*Isl.*)(*moskeediens*) -s
 do'a maak (*Isl.*)(*voorbidding doen*), gemaak
 dopsteek, dopge..
 eid (*Isl.*)(*fees*), -s
 eid-moebarak (*tw.*)(*Isl.*) (*seëngroet*)
 fadjer (*Isl.*)(*gebedsbeurt;soeboeg*), -s
 gadj (*Isl.*)(*pelgrimstog na Makka*), -e 11.22
 garaam (*Isl.*)(*verbode*) (*varkvleis is -*), - (*die*
 - *kos*)
 gatiep (*Isl.*)(*assistant van imam*), -e
 gatjie (*klein agterstewe*), -s
 gesindte (*gemeenskap van gelowiges*) -s
 ghaan (*meisie*), -s of ghane
 ghaap, ghape
 ghoem, -e of -s, of ghoema, -s
 ghwalaghwala
 gô (*sy - is uit*)
 goedjadj (*Isl.*)(*pelgrim na Makka*), -'s
 goeterig of goeierig (*dit gaan -*) -e
 goi (*nie-Jood*), gojim
 gottabeentjie, -s
 hadjie (*Isl.*)(*iemand wat die gadj voltooi het*),
 -s
 hak-en-tak (*stryery*), -s
 hete of hede of hene of jenejete (*tw.*)
 hlonipha (*eerbiedstaalgebruik in Nguni*)
 hoeka (*tog/immers*)
 hol (*s.nw.*), -le
 honkietonk, -e of -s
 hou-jou-bek-wet of hou-joubekwet -te
 imbawoela, -s
 indjiel (*Isl.*)(*heilige boek oor Isa (Jesus)*)
 trammakassie (*dankie*)
 insja'Allah (*Isl.*)(*as God wil*)
 intombi, -'s
 isibongo (*pryslied*), -'s
 isjaai (*Isl.*)(*gebedsbeurt*) -s
 jammerlappie, -s
 jannas, of jean, -s, of jeans (*klere*)
 jetski, ge-
 joppelsee of jobbelsee
 kafier (*Isl.*)(*ongelowige*) -s
 kafoefel, ge-
 kanalla (*asseblief*)
 karienkel (*met stemglydings sing*), ge-
 katelknaap. .knape, of katelknapie, -s
 katspoegie (*bietjie*)
 kattermaai, ge-
 kiets (*ons is -*)
 kitaab of kitaap (*Isl.*) (*geloofsonderrigboek*),
 -s
 kiza (*sagte reën*)
 koefia (*fes*), -s
 koenoet (*Isl.*)(*gebedsbeurt*) -e
 Koer'aan of Koran of Qoer'aan of Qur'aan
 kramat (*Isl.*)(*graf van heilige*), -te
 kris (*Moesliemnaam vir 'n Christen; - draai*),
 -te
 Labarang (*Isl.*)(*feesdag*) (*bv. - Ramadaan/*
Gadj)
 magrieb (*Isl.*)(*gebedsbeurt*) -s
 malaita of amalaita, -s
 moesla (*Isl.*)(*gebedsmatjie*) -s
 moesliems of moslems, -e (- *gebruike*)
 Muchammad of Moegammad of Mohammed
 nabi (*Isl.*)(*profeet*), -'s
 nasara (*Isl.*)(*'n Christen*) -s
 oenang (*uitnoot*), ge-
 oestaad (*Isl.*)(*leermeester*) -s

ongans (*jou – eet*)
 orrelstryk (*dit gaan –*)
 ouboeja (*oupa*), -s
 pang (*aanspreekvorm vir man*)
 pasmunt (*kleingeld*)
 pelile (*b.nw.*)(*gedaan*), –
 perde maak (*moeilikheid maak droogmaak*,
pret bederf), gemaak
 pienangvleis (*kerrievleis*)
 platskermtelevisie, -s, platskerm-TV, -'s
 popgloër (*Isl.*)(*afgodedienaar*) -s
 publiek (*bw.*)(*hy lyk – of hy wil doodgaan*)
 pwasa (*Isl.*)(*vas*), ge-
 Qur'aan of Koer'aan of Koran of Qoer'aan
 rasoel (*Isl.*)(*boodskapper*) -s
 regstellendeaksieaanstelling of
 regstellende-aksieaanstelling of
 regstellendeaksie-aanstelling, -s 12.6 (b)
 salaah maak (*Isl.*)(*bid*) gemaak
 sjeg (*Isl.*)(*soort imaam*) -s
 stêre (*mv.*)
 tariek (*gemoedstemming*), -e
 tariek (*gemoedstemming*), -e

tasbie (*Isl.*)(*gebedstring*) -s
 tatta (*tot siens*) 12.14 (a)
 tatta (*oupa*), -s
 tjakalaka of chakalaka
 tjoeftjaf
 token (*gebaar vir die skyn*), -s
 ululeer, geüluleer
 vrek suinig (*baie suinig*)
 vreksuinig (*so suinig soos 'n vrek*), -e
 werksloon (*Isl.*)(*rituele plig*), ..lone
 werksloon of werkloon (*betaling vir werk*),
 ..lone
 whaktoe (*Isl.*)(*gebedsbeurt*) -s
 woerts (*tw.*)
 wragtie waar of wragtig waar (*sy storie was –*)
 wragtiewaar of wragtigwaar (*dit het – gebeur*)
 yorkshirepoeding
 youngbessie, -s
 zits, ge-